

## 19 Junie Psalm 4

(Teks: 4:3-5)

### ***God gee krag in die stryd***

Dawid se krag was nie in homself geleë nie, maar in God. Elke keer wat hy sy toevlug tot God in die gebed geneem het, het Hy hom verhoor en gered. Dit sê hy onomwonde in Psalm 4. Hierdie Psalm leer ons egter nie net in watter verhouding hy teenoor God gestaan het nie, maar ook wat sy houding teenoor sy vyande in die stryd was.

Sy houding teenoor hulle is aangrypend. Hy soek nie hulle ondergang nie. Hy bid ook nie en vra dat God hulle moet verdelg of oorgee in sy hand nie. Nee, hy roep hulle op tot bekering. Dawid is nie bang vir sy vyande nie. Hy skroom ook nie om hulle te vermaan oor hulle sondes (vers 3) en verkeerde lewe nie (vers 5). Meer nog, hy roep hulle op om die HERE te dien en te gehoorsaam, om op Hom alleen te vertrou (vers 6). Hy swyg nie, maar getuig!

Hieruit leer ons ook wat ons houding teenoor ons vyande moet wees in die stryd. Ons moet die Evangelie aan hulle verkondig. Ons moet nie hulle ondergang soek nie. Jesus Christus het ons ook geleer: Seën en moenie vervloek nie. Aan die kruis het Hy gebid: "Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie." Wat 'n ontsaglike roeping en taak het ons nie juis nou nie! Dit is moeilik, maar in en deur Jesus Christus moontlik, want "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Fil. 4:13).

Sing Psalm 118:3,7

Ds. E.J. Smit (Pretoria-Magalieskruin)